e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

11 April 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 9

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kerklike gesprek in die aanloop tot die 70ste AKV

Daar lê 'n beslissende Algemene Kerkvergadering vir die Hervormde Kerk voor. Hierdie tyd waarin ons geroep is om getuies van Jesus Christus te wees, maak dit onafwendbaar.

Die gemeenskap waarin ons leef, hou al minder rekening met die Skepper, die Een wat deur sy Woord en Gees en deur die lewe en sterwe en opstanding van sy Seun na mense uitreik. Mense leef al meer as individue en heg al minder waarde aan gemeenskap, ook die gemeenskap van die gelowiges. Ook óns het in vele opsigte die verbruikerskultuur van ons tyd aangeneem – 'n lewenswyse wat nóú mý behoeftes wil bevredig sonder om te dink aan die konsekwensies, 'n lewenswyse sonder uitsig op die ewigheid.

Gemeentes regoor die land ervaar die effek van die tydgees spreekwoordelik aan die lyf. Daarom kan die 70ste AKV nie 'n vergadering soos vorige AKV's wees nie. Dit kan nie 'n vergadering wees wat rondmaal oor 'n werklikheid wat onherroeplik verby is nie, 'n vergadering waarin die meerderheid afgevaardigdes passief bly en 'n vergadering in Pretoria waarby gemeentes, ouderlingvergaderings en lidmate elders weinig belang het nie.

Die sentrale vraag waarop die AKV moet antwoord, is: Hoe gaan die Hervormde Kerk in die Suider-Afrika van die 21ste eeu kerk van Jesus Christus wees? Ons moet vir onsself uitmaak wie ons is – nie wie ons deur tyd en omstandighede geword het nie, maar wie ons in beginsel is. En om dit te bepaal, moet ons weer onder die indruk kom van wie die God is wat ons geroep en byeengebring het. Eers dán kan ons groter helderheid kry oor wat ons moet doen, wat essensieel is, en wat ons prioriteite moet wees, waarvoor ons die Kerk se beperkte hulpbronne moet aanwend.

Maar hierdie diepgaande vrae is nie net vrae vir 'n AKV van 600 afgevaardigdes nie. Dit is vrae waarmee die hele Hervormde Kerk moet worstel in die aanloop tot die 70ste AKV. Daarom word daar ruimte geskep vir omvattende kerklike gesprek op verskillende maniere en forums.

Die onlangse Inligtings- en Besprekingsvergadering is ingerig om as't ware bestekopname te maak van die situasie in gemeentes regoor die land. 'n Samevatting van die gesprekke is aan elke gemeente gestuur met die versoek dat ouderlingvergaderings daaroor nadink en kommentaar lewer.

Die verwagting is dat die komende ringsvergaderings nie steriele verslagvergaderings sal wees nie, maar kosbare geleenthede om na te dink oor die beste manier waarop gemeentes en gelowiges in hul unieke omgewings kreatief uitvoering kan gee aan die roeping van die Heer van die kerk, Jesus Christus. Konstruktiewe beskrywingspunte vanuit die ringsvergaderings kan rigting gee aan debatte en besluite op die AKV, en so help om die koers vir die Hervormde Kerk aan te dui.

Terselfdertyd word die kerklike gesprek ook buite vergaderings van die ampte gevoer sodat elke lidmaat daarvan kennis kan neem en ook self kan deelneem. Die kerklike publikasies, veral *Die Hervormer* en die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*), sal in die komende maande vir hierdie gesprek ruimte skep. Dit gaan hand aan hand met teologiese tafelgesprekke en openbare lesings van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK), waarvan deurlopend kennis gegee sal word. Op 19 April vind 'n oop gesprek oor die Kerk se teologiese opleiding plaas, en op 12 Junie 'n openbare lesing oor ons Skrifbeskouing.

Daar word dus wyd geleentheid gebied dat lidmate en ampsdraers met mekaar gesprek kan voer oor sake wat aan die hart van ons kerkwees lê. Dit is jammer dat 'n mens in hierdie tyd moet verneem van 'n byeenkoms vir 'n drukgroep wat beskrywingspunte vir die AKV wil formuleer, nogal onder die leiding van persone wat op bedenklike wyse hul bande met die Hervormde Kerk verbreek het. Dit lyk na 'n poging om die AKV ter wille van eng groepsbelange te manipuleer, eerder as om opreg sáám met medegelowiges te soek na die manier waarop die Gees van God ons lei om kerk te wees.

Mag die Here ons kerklike vergaderings en gesprekke lei om sy wil vir ons Kerk te onderskei sodat die 70ste AKV besluite kan neem wat gemeentes in staat stel om Hom met oorgawe in hul leefwêreld te dien.

Dr Wouter van Wyk

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Saffierkus in Amanzimtoti** beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante wat in **deeltydse of deelsorghoedanigheid** in die gemeente kan werk. Die gemeente bestaan uit 130 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 55 jaar oud is. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die geadverteerde aansoeke te aanvaar of nie. Navrae kan gerig word aan Celia Biggs by 031 903 7970 of 082 410 5444. Aansoeke sluit op **15 April 2013**. CV’s kan gestuur word na **cbiggs@telkomsa.net**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na **produksie@nhk.co.za**.

- **Oom Boontjie Booyens** wat vir baie jare in Namibië gewoon het en as ouderling en skriba in Tsumeb en Grootfontein dienswerk van onskatbare waarde verrig het, is op 4 April in Potchefstroom oorlede. Oom Boontjie was 81 jaar oud. ’n Roudiens is op Dinsdag 9 April om 11:00 in Gemeente Potchefstroom gehou. Ons betoon ons innige meegevoel aan tannie Johanna, die kinders en kleinkinders.

- Emerituspredikant **ds Roelf Coertze** is ernstig siek. Die Kerk se voorbidding word gevra vir ds Coertze en sy vrou, Elsa. Navrae oor ds Coertze kan gerig word aan ds Dries Beukes by **d.beukes@mweb.co.za** of 012 654 3198.

- Emerituspredikant **ds Theo Janse van Nieuwenhuizen** van Witfield is in die hospitaal opgeneem vir behandeling teen ’n hospitaalvirus wat hy etlike weke gelede opgedoen het. Ons dink in ons gebede aan hom en sy vrou, Anna Marie.

Prof Andries Breytenbach

- **Emeritusprofessor Andries Breytenbach** het die **Ds Pieter van Drimmelen-medalje** van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang vir sy werk aan die Suid-Ndebele-vertaling. Onlangs het UP se Department Ou-Testamentiese Wetenskap hom ook daarvoor vereer. Erkenning word veral aan prof Breytenbach gegee vir sy bydrae ten opsigte van die Afrikaanse Bybelvertaling. Hy lewer tans ’n onvervangbare bydrae tot die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans. Hy het ook ’n reusebydrae gelewer tot die finale Suid-Ndebele Bybel, getitel *Ibhayibheli eliCwenileko*. As projekleier en brontaalkenner het hy deel gevorm van die finale publikasie van die volledige Bybel vir die laaste van die elf amptelike tale van Suid-Afrika. Die Ndebele was die enigste volksgroep wat nog nie oor ’n volledige Bybel in hul eie taal beskik het nie.

- Die **Kommissie van die AKV** het op 27 Maart vanjaar ’n skrywe met die volgende inhoud gerig aan die dekaan van die **Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria:** *Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wil graag namens die NHKA sy dank en waardering teenoor die Universiteit van Pretoria uitspreek vir die voorreg om haar teologiese opleiding aan die Universiteit voort te sit. Die NHKA bevind haarself in uitdagende omstandighede en besef hoe kritiek dit is dat die opleiding van teoloë aan die Universiteit van Pretoria voortgesit word met die wete dat opleiding in ’n baie groot mate direk deur teoloë van die NHKA gebeur. Die verhouding tussen die NHKA en die Universiteit van Pretoria is een wat gekoester en met sensitiwiteit bestuur word.*

Prof Johan Buitendag

- **UP se Fakulteit Teologie** het ’n versameling van 224 boeke ontvang van die International Society for Science and Religion (ISSR) se biblioteek in Cambridge, Brittanje. Die skenking is die resultaat van ’n aansoek wat die dekaan van die Fakulteit, **prof Johan Buitendag**, aan die ISSR gerig het. UP is nou een van slegs 150 instellings wêreldwyd wat ’n volledige stel van die boeke ontvang het. Die direkteur van UP se Biblioteekdienste, mnr Robert Moropa, sê die verkryging van hierdie boeke versterk die vennootskap tussen die Universiteit se Biblioteekdienste en die fakulteite, in die besonder die Fakulteit Teologie.

- Die Moderamen het met skok en teleurstelling kennis geneem van ’n oproep aan sogenaamde “sH gemeentes wat nie onafhanklik gaan word nie maar na die 70e AKV toe gaan” en “individue wat graag sekere sake aanhangig wil maak” om ’n beplanningsvergadering by te woon wat “uitsluitlik ten doel [het] om die sake van belang in beskrywingspunte te verwoord”. Die byeenkoms vind boonop plaas onder die leiding van iemand wat op omstrede manier as predikant en lidmaat van die Hervormde Kerk bedank het en as sodanig niks met die Hervormde Kerk of die AKV te doen het nie. So ’n georkestreerde byeenkoms van ’n drukgroep wat uitdruklik wil poog om die verloop en uitkoms van die AKV te beïnvloed, is lynreg in stryd met die kerklike vertrekpunt dat ’n vergadering van die ampte besluite biddend onder leiding van die Woord en Gees neem na oorweging van al die inligting tot beskikking van die vergadering. Dit is ten diepste net so ’n onkerklike manier om die vergadering te manipuleer as om vooraf lysies van kandidate vir verkiesing tot die Kommissie van die AKV op te stel en te sirkuleer. Die Moderamen doen ’n ernstige beroep op alle lidmate en ampsdraers om op geen wyse aan sulke onkerklike optrede deel te hê nie.

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer**. Probeer om op oogvlak met ’n persoon in ’n rolstoel te sit en gesels in plaas van om te staan voor ’n persoon in ’n rolstoel. Soms is hulle swak gebalanseer in die stoel, en dis stremmend op die nek en liggaamshouding om konstant te sit en opkyk na iemand wat ’n gesprek met hulle voer.

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom**
  Die vereistes is onder andere:
  - Getroude egpaar.
  - Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud.
  - Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk.
  - Goeie gesondheid.
  - Aanvoeling vir kinders.

  Benewens ’n maandelikse kontantvergoeding word gratis inwoning in die DPS-huis ook by die pakket ingesluit. **Aansoeke sluit op 30 April 2013.** Kontak die volgende persone vir meer inligting:
  Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / kinderhuise@nhk.co.za
  Ds Willem Kok: 018 294 4187 / 083 664 0058 / wilmak@absamail.co.za
  Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van die gemeentes sal insluit.

Agb aksiegroep vir bejaardes

- **AGB-wenk:** Ouer persone het ’n groot rol te speel as raadgewers en opvoeders in die oordrag van vaardighede, eie geskiedenis, kulturele waardes en geloof aan kinders en kleinkinders. Maak seker dat hulle geleentheid kry om dit te doen, ter wille van die ouer persone en die jongeres. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die AGB by 082 786 8448.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013

Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 April, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 11 April: Ds Gys van R Els (Brackenhurst)
  - Vrydag 12 April: Ds Paul Janse van Rensburg (Primrose)
  - Saterdag 13 April: Prof Alex Antonites (emeritus), di Theuns Botha (emeritus), Nardus Enslin (Rustenburg-Kloof) en Gerrie Grobler (emeritus)
  - Sondag 14 April: Di Hans Britz (Kuruman-kombinasie), Rue Hopley (Rustenburg-Tuine), James Jooste (Groeneweide) en prop Pierre Jacobs (beroepafwagtend)
  - Maandag 15 April: Dr Hannes Beukes (Bethal) en ds Wessel Swart (emeritus)
  - Dinsdag 16 April: Ds Gerhard Stoltz (Sinodaal)
  - Donderdag 18 April: Ds Jan Kramer (Elsburg)
  - Vrydag 19 April: Di Henk Calitz (Carletonville), Pierre Jacobs (beroepafwagtend) en Tinus Swart (Petrusburg)

Beplande vergaderings

- Donderdag 11 April: Finkom van die ADV
- Dinsdag 16 April: Aksiegroep vir Bejaardes
  Koördineringskomitee
- Woensdag 17 April: Redaksie van die *Almanak* en *Bybelse Dagboek*
- Vrydag 19 April: Moderamen
- Saterdag 20 April Kommissie van die AKV

Kursusse en toerusting

- **HTK: Tafelgesprek**
  Vrydag 19 April van 14:00 af
  Raadsaal, Dirk van der Hoffgebou, Pretoria
  Tema: *Teologiese Opleiding*
  Inleiers prof Ernest van Eck en dr Kobus Labuschagne
  Alle lidmate en ampsdraers welkom

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  4 en 5 Junie en **5 en 6 November**
  Tema: *Geloofsonderskeiding*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R400** per persoon
  Predikante wat VTT **in Junie** wil bywoon, moet mev Betsie Brits **voor 20 Mei** kontak
  Faks 012 420 4303 / Tel 012 420 5393 / **betsie.brits@up.ac.za**
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekeningnr 020 149 752, kode 63 20 05
  Verwysing 2013K VTT en naam van kursusganger

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  (minder as uur van Johannesburg, Pretoria en Rustenburg)

Inisiatief van Elize Perrin, suster van Mauritz Oberholzer
(Hy is in September 2012 in plaasaanval naby Brits vermoor)
Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
en predikant van NG Kerk Groenkloof
Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
Bespreek by Elize by 072 600 5809
of **deoudepastorie.victoriawest@gmail.com**
Navrae oor inhoud van program aan Pieter by 082 332 5782
of **pieterjanob@gmail.com**

Beskikbare behuising

Konserte en feeste

- **Vrydag 19 April om 19:00: Gemeente Ventersdorp**
  Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie
  Aansitete tydens die optrede
  Volwassenes R100 per persoon
  Laerskoolkinders en jonger R50 per persoon
  Kontak Ina van Vuren by 084 602 7300
  of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

- **Vrydag 10 Mei om 19:00: Gemeente Witbank**
  Konsert met Jammies Jamneck (komediant) en sy kinders (kontreisangers)
  By Klipfontein-laerskool
  Vingerete ingesluit, wyn en koeldrank voor optrede en in pouse beskikbaar
  Volwassenes R100 elk, laerskoolkinders en jonger R50 elk
  Navrae aan Nick van Niekerk by 082 894 7916
  of Rachel Bothma by 013 697 0455

- **Saterdag 25 Mei: Gemeente Culembeeck**
  Manne-Oggend met prof Stephan Joubert as spreker
  In die Simfonie-ouditorium, Witpoortjie, Roodepoort
  R120 per persoon
  Bespreek by ds Annerie Conradie tel 083 291 4782

Sportbyeenkomste

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013: 19 tot 21 April**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  Piekniek, kenmekaar en lofprysing Vrydagaand
  Pretloop Saterdagoggend, aromaterapiesessie, *high tea*
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Bespreking met betaling van R200 deposito
  Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Basaars en markte

- **Saterdag 27 April vanaf 08:00**
  Gemeente Magaliesmoot: Karnaval
  Op hul gronde langs Laerskool Kameeldrift
  Hoë kwaliteit vleis teen uiters billike pryse
  Vermaak vir jonk en oud, sewesrugby, boeresport en meganiese bul
  Groot sangkompetisie met verskeie pryse
  Stalletjies sluit in wit olifanttafel, veiling, handwerk, verskeie eetgoed en meer
  Kom kuier saam en dra hope winskope huis toe
  Kontak ds David Barnard by 083 441 1789

- **Woensdag 1 Mei 07:00 tot 16:00**
  Gemeente Potchefstroom: Motorskou
  Die Motorskou is vanjaar mondig!
  Meer as 300 motors word uitgestal
  Verskeie vlooimarkstalletjies, baie eetgoed
  Kontreifees met *Country*-legendes
  Kontak ds Willem Kok by 083 664 0058
  of Magda Kok by 018 293 2672 (08:30 tot 13:00)

- **Saterdag 25 Mei 09:00 tot 14:00**
  Gemeente Mafeking: Diamantstormloop
  By Wouter de Vos Rugbystadion in die dorp
  Verskeie stalletjies en vlooimark
  Musiek deur Lichvaal Stereo vanaf die rugbystadion
  Verskeie diamante met gesamentlike waarde van R20 000 te wen
  Koop 'n kaartjie teen R100 en ontvang 'n pakkie diamantgruis
  Sif die *vreemde* voorwerp daarin uit en kwalifiseer dalk om 'n diamant te wen!
  Navrae aan Kallie of Nelia Landsberg (079 893 9031 of 083 665 6239)
  Bemark en verkoop u produkte – stalletjies R300 elk
  Navrae aan ds Annelie Botha (082 650 3494)
  of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

Kompetisies en fondsinsamelings

ANDER NUUS

- Oor die Paasnaweek het 'n **brand uitgebreek** in die **Goddefroysaal** in die Dirk van der Hoffgebou. Die voorval word in 'n baie ernstige lig beskou, aangesien die gebou onder meer **die Kerk se Argief** huisves, waar kosbare stukke van so ver terug as die 16de eeu bewaar word. Daarbenewens is die gebou op die terrein van **Barton Keep**, wat sedert 1945 die eiendom van die NHKA is en saam met die terrein in 1982 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. (Die Dirk van der Hoffgebou is eers in 1960 op die terrein ingerig.) Die Argief beskik wel oor brandverklikkers, maar nie oor 'n outomatiese brandblusserstelsel nie. Gelukkig kon die brand betyds geblus word om skade aan die gebou te beperk, en daar is reeds begin met die herstelwerk.



- **Nuwe nasionale fondsinsamelingsprojek op 31 Mei.** Plakkers te koop @ R10 elk. Daar is 5 soorte plakkers te koop: diere; algemene welsyn in gemeenskap; kinders; gestremdheid; onderwys. Deur 'n plakker te dra op 31 Mei wys jy dat jy jou *belasting* betaal het ten bate van jou gunsteling niewinsgewende organisasie. Om seker te maak dat jou tekkies nie 'n verleentheid is nie, is daar 'n spesiale paar **veters te koop @ R30**. As deel van die plakker is daar ook 'n kleiner plakker wat

jy op jou selfoon kan plak. Bestel jou plakkers van TOIBO. Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 / 082 560 5213.

- **Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid**
  Vrydag 7 Junie om 19:30 in die Aula
  Romanz en Nianell
  Besprekings by skool 012 800 1071 (kantoorure) /
  Marietjie 083 294 8246 (naure) / Lizet 082 550 6960

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal **nie onderhandel word** oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dit wat ek in *Die Hervormer* van Maart en die *e-Hervormer* van 28 Maart gelees het, het my opnuut trots gemaak op my Kerk en diep dankbaar dat ek steeds deel van hierdie Kerk kan wees. Dit het ook my optimisme (geloof) bevestig dat met die genade van die Here die beste jare van die Kerk nog kan voorlê. Elke gemeente behoort moeite te doen om die voorbladartikel van prof Van Eck en die getuienis van die Algemene Kommissie (*e-Hervormer*) en die artikel van ds Anet Dreyer-Krüger (*Die Hervormer*) by elke lidmaat te laat uitkom." (Verkort)

Prof Bieks Beukes

Barton Keep ons trots

Almal wat die Sinodale Kerkkantoor ken, ken ook die statige herehuis Barton Keep in Jacob Maréstraat (nou Jeff Masemolastraat).

Teen die einde van die 1800's was Jacob Maréstraat 'n deftige straat om in te woon. Pretoria het toe reeds 'n vooraanstaande plek beklee as hoofstad van die ZAR. Dit is teen hierdie agtergrond dat die welvarende Edmund Francis Bourke in 1887 erf 756 vir 600 pond gekoop het. Bourke, 'n sakeman, het die erwe tot aan Minnaarstraat noord van die huis besit. Hy het in 1889 Barton Keep, soos hy sy huis noem, rojaal laat bou. Hy was van 1903 tot 1904 burgemeester van Pretoria en het luisterryke funksies in die huis gehou. Hy het byna 40 jaar lank in die huis gewoon, waar hy op 30 Augustus 1926 oorlede is.

Barton Keep is 'n mooi voorbeeld van die eklektiese boustyl soos dit destyds in Europa aangetref is. Die argitek van Barton Keep is onbekend. Bronne verskil of dit 'n Nederlander of 'n Brit is. Bale van die boumateriaal is uit Nederland sowel as Brittanje ingevoer.

Kenmerkend van die ronde toring op die suidoostelike hoek wat van gekapte klip gebou is, is 'n dak van visskubbe-sinkplaat. Die res van die dak is van gegroefde sinkplaat. Die oosaansig staan uit deur die groot erkervenster waaragter die groot woonkamer lê. Kenmerkend van daardie era is ook die balkonnetjies bo die hoofingang en talle interessante hoekies en draaitjies. Detail is belangrik en dit word weerspieël in die toring se skuifraamvenster wat gekroon word met 'n Griekse gewel en argitraaf. Die hoofingang is omraam met 'n besondere boog wat deur sommige as Romaans beskryf word, maar dit kan ook Kelties wees. Die veranda is versier met gedraaide houtversierings, terwyl die plafon voorafvervaardigde plate is met 'n blommotief. Die stoep se loopvlak is uitgelê met klein aardkleurige teëltjies. Die kamers op die grondvlak het byna almal deure wat op die breë veranda uitloop.

Die huis het vir twee dekades leeg gestaan en het erg verwaarloos. Die plafonne het goed behoue gebly. Hulle is feitlik almal van geperste staal vervaardig. Besonder aantreklik is die gegroefde houtplafon van een van die ruim kamers op die grondvlak. Die kaggels in die meeste vertrekke het behoue gebly. Die mooiste een is waarskynlik in die sitkamer met pragtige inlegwerk in die hout. Die trapreling van die houttrap vertoon Art Nouveau-kenmerke in die graveerwerk. Die gebrandskilderde vensters wat die hooftrap verlig, het slegs gedeeltelik behoue gebly. Die slaapkamers is ruim, en die badkamer is grotendeels in sy oorspronklike staat. Die linnekamer met die linnekas langs die badkamer het ook behoue gebly.

Die huis is sedert 1945 die eiendom van die NHKA, wat dit ook onderhou. Die Kerk het die huis op verskeie wyses benut. Aanvanklik was die Kerkkantoor gedeeltelik daar gevestig. Die Pretoria-tak van die Ondersteuningsraad het in die 1960's ook daar kantoorruimte gevind. Na die oprigting in 1960 van die Dirk van der Hoffgebou oos van die huis, is die Konservatorium vir Kerkmusiek daar gehuisves tot 1983. In 1982 is die hele erf waarop die huis geleë is, tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar.

Op die terrein staan nog een palmboom, 'n paar jakarandabome en 'n meiblom wat oorgebly het van die oorspronklike tuin. Dit is jammer dat die oorspronklike smeeysterheining met steenpilare gedurende die 1980's afgebreek is.

Tans word die huis hoofsaaklik deur SENTIK benut.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel